DAG 36-Voorwaardes vir Herlewing: ...BEGEER

Psa 37:4 en **verlustig** jou in die HERE; dan sal Hy jou gee **die begeertes van jou hart.**
Psa 37:4 Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee **wat jou hart begeer.**
AMPL - Psa 37:4 **Delight** yourself also in the Lord, and He will give you **the desires and secret petitions of your heart**.

MESSAGE - Psa 37:4 **Keep company** with GOD, **get in on the best.**

LEES: Psa 10:17 HERE, U het die begeerte van die ootmoediges gehoor; U sal hulle hart versterk, U oor sal luister.
Ampl - Psa 10:17 O Lord, You have heard the **desire** and the **longing** of the humble and oppressed; You will prepare and strengthen and direct their hearts, You will cause Your ear to hear,

Vader, Leer ons, om onsself in U te verlustig, sodat ons die begeertes van ons hart kankry, as ons soek wat U HART BLY MAAK sal U ons harte bly maak. Skep meer as ooit in ons ‘n begeerte en verlange na herlewing, en help ons om die beste tye te beleef in die teenwoordigheid van God. WE WANT TO GET IN ON THE BEST.

Stof tot Nadenke…

Hoe kan jy ‘n woord van God verwag as jy nie daarna vra nie? En hoe anders vra ‘n mens as deur gebed? – **Thomas Boston van Simprin (1699).**

Onophoudelike Gebed:

*Vader, hier is ek... **ek smag na U***

DAG 37-Voorwaardes vir Herlewing: …BESLUIT

Jak 1:6-8 Maar hy moet in die geloof bid, **sonder om te twyfel**; want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie— so ‘n **dubbelhartige man**, onbestendig in al sy weë.

KJV - Jam 1:8 A **double minded** man *is* u**nstable** in all his ways.

AMPL - Jam 1:6-8 Only it must be in faith that he asks with **no wavering (**no hesitating, no doubting). For the one who wavers (hesitates, doubts) is like the billowing surge out at sea that is blown hither and thither and tossed by the wind. For truly, let not such a person imagine that he will receive anything [*he asks for*] from the Lord, [*For being as he is*] **a man of two minds (hesitating, dubious, irresolute), [*he is*] unstable and unreliable and uncertain** about everything [*he thinks, feels, decides*].

ONS MOET ‘n VASTE BESLUIT NEEM, DAT ONS REGTIG HERLEWING WIL HE, EN ONS MOET BY DAARDIE BESLUIT HOU, AS ONS DIT WIL SIEN.

Heerser van die wêreld, ons bely dat ons , soms in twee gedagtes is, want die prys van herlewing is harde werk, en die gevolge van herlewing is harde werk, en dan weet ons nie WIL ONS of WIL ONS NIE. Somtyds twyfel ons dat U ons werklik herlewing wil stuur. HELP ONS OM TE GLO dat U bestaan en ‘n beloner is van die’ wat U soek – **Heb 10:6**..

Stof tot Nadenke…

Herlewing is nie vir die genot van die Kerk nie, maar sodat sy gereinig kan word.
Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

O God, laat my hart herleef...

DAG 38-Voorwaardes vir Herlewing: …BESLUIT

Dan 11:36 … want wat **vas besluit** is, sal uitgevoer word.

AMPLIFIED -Dan 11:36 …..for that which is **determined** [*by God*] shall be done.
MESSAGE - Dan 11:36 ., for what is **decreed** must be done.

Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. ….

AMPL - Gal 3:16 Now the promises (covenants, agreements) were **decreed** and made to Abraham and his Seed (his Offspring, his Heir).

BESLUITNEMING, MAAK NIE NET DIE DEURE OOP NA WAT VOOR ONS IS NIE, MAAR DIT SLUIT DIE DEUR VIR ALTERNATIEWE ---
-- FAITH IS HAVING NO BACK DOOR---

Ewige Vader, ONS wil nie meer besluitloos wees nie, en as u VASBELUIT HET om u kinders te seen, wil ons nie dit mis wat U vir ons wil gee nie. Ons wil geen agterdeure oophou nie, ONS IS UITVERKOOP VIR HERLEWING. Vader ons bely dat ons gebede baie keer net 'n klomp niksseggende woorde is. Ons bid meestal vir dinge wat ons eie gerief sal verbeter en nie vir spesifieke Godgegewe strategieë en deurbrake nie. Vergewe ons asseblief en leer ons om onder alle omstandighede volgens u Woord te bid.

Stof tot Nadenke…

Die Kerk het baie manne en vroue wat bid, maar min manne en vroue van gebed.
Uittreksel: Revival, God's way deur Leonard Ravenhill.

Onophoudelike Gebed:

Vader, U kan en wil...

DAG 39-Voorwaardes vir Herlewing: …BESLUIT

Job 22:28 **Besluit** jy iets, dan kom dit tot stand; en oor jou weë skyn ‘n lig.

AMPL - Job 22:28 You shall also **decide** and decree a thing, and it shall be established for you; and the light [*of God's favor*] shall shine upon your ways.
MESSAGE - Job 22:28 You'll **decide** what you want and it will happen; your life will be **bathed in light**.

Jes 60:19 Die son sal bedags jou lig nie meer wees nie, en as glans sal die maan vir jou geen skynsel gee nie; maar die HERE sal vir jou wees ‘n ewige lig, en jou God sal jou sieraad wees.

MESSAGE - Isa 60:19 You'll have no more need of the sun by day nor the brightness of the moon at night. GOD will be your eternal light, your **God will bathe you in splendor.**

Regverdige Vader, as ons u wil ken, en ons vasbeluit om U wil te doen, dan sal U heerlikheid oor ons skyn, Here ons soek U DOXA-HEERLIKHEID, ons het vas besluit ons sal alles doen wat nodig is sodat ons U heerlike Lig oor ons kan ervaar . Here wanneer ons bid, vra ons soms nie werklik vir dinge wat tot U eer is nie, maar bloot omdat ons weet U het die vermoë om vir ons te gee wat ons wil hê. Ons wil so dikwels U arm draai in gebed sodat ons ons sin kan kry! Ons neem dikwels aan dat U dit ook so wou gehad het! Vergewe ons asseblief! U weë is hoër as ons weë en u gedagtes is hoër as ons gedagtes. Maak ons sensitief wanneer ons bid, sodat ons volgens u wil en u woord sal vra.

Stof tot Nadenke…

“Kan julle nie eers vir een uur saam met my waak nie?” Die dissipels het geslaap omdat die las nie op hulle was nie. Hulle het nog nie die Kruis gesien nie.
Uittreksel: Quest for the Highest deur J.E. Church.

Onophoudelike Gebed:

Here God, laat U wil geskied.

DAG 40-Voorwaardes vir Herlewing: …BESLUIT

Mar 10:51 En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien.
Mar 10:51 Jesus said, "What can I do for you?" The blind man said, "Rabbi, **I want to see**."
Mar 10:52 And Jesus said to him, Go your way; your faith has healed you. And at once he received his sight and accompanied Jesus on the road.

Jes 42:6-7 Ek, die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies, **om blinde oë te open**; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit.

A MAN THAT KNOWS WHAT HE WANTS IS IN A POSITION TO USE HIS FAITH

Luk 4:18-19 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig **en aan blindes herstel van gesig**; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

El Roi (God wat sien), AS ONS maar net kan SIEN WAT U SIEN, sou ons harder gewerk het om te kry wat U vir ons wil gee. OPEN ONS GEESTELIKE OE, en gee dat BESLIS SAL WEES...EK WIL HERLEWING SIEN. Gee ons onderskeiding om selfs die kleinste sonde uit ons lewens te verban, en gee ons moed en volharding om getrou te bly in ons huwelike.

Stof tot Nadenke…

Herlewing kan nie verskraal word tot programme nie. Dit is onmoontlik om 'n rooster of program op te stel vir herlewing. **Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.**

Onophoudelike Gebed:

HERE, DAT EK KAN SIEN..

DAG 41-Voorwaardes vir Herlewing: …BESLUIT

Jes 30:20-21 Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar **jou oë sal jou leraars sien**; en jou **ore sal 'n woord agter jou hoor** wat sê: **Dit is die weg, wandel daarop**! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.

AMPLIFIED - Isa 30:21 And your ears will hear a word behind you, saying, **This is the way; walk in it**, when you turn to the right hand and when you turn to the left.

MESSAGE: -Isa 30:21 (Your teacher will be right there, local and on the job,)…**urging you on** whenever you wander left or right: "This is the right road. Walk down this road."

99% OF GOD's WILL is COMMON SENSE

Spr 3:6 Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.
AMPL - Pro 3:6 In all your ways **know, recognize, and acknowledge Him**, and He will direct and make straight and plain your paths.

Genadige Vader, ons moet bely volgens Jes 55:8 dat U wee is nie altyd ons wee nie, en ons wee is nie U wee, nie, Ek kom en onderwerp my weg aan U en neig my oor om te luister waar tog die goeie weg is (Jer 6:16). Help ons om U wil te doen, nie links of regs af te wyk nie en UNaam sal verheerlik.

Stof tot Nadenke…

Herlewing is nie iets wat aangevuur kan word nie; dit is iets wat afgebid moet word. **Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.**

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, mag diegene wat ek as my vyande ag, u liefde en genade ervaar.

DAG 42-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA/ BID… en ONTVANG

Mar 11:24 Daarom sê Ek vir julle: **Alles** wat julle in die gebed **vra**, **glo** dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.

AMPL - Mar 11:24 For this reason I am telling you, **whatever you ask** for in prayer, **believe** (trust and be confident) that it is granted to you, and you will [*get it*].

Jak 4:2 Julle begeer en julle het nie, …….julle het nie, omdat julle nie bid(VRA) nie.

Ampl - Jam 4:2 …and your desires go unfulfilled; …..You do not have, because you do not ask.

O Here, ons vra dat U ons opnuut sal aanraak met die begeerte om te bid, om U dag en nag te aanbid en om voorbidding te doen vir ander mense. Help ons om te glo dat ons ALLES sal ontvang waarvoor ons bid. Ons bid vir NUWE LEWE IN ONS GEMEENTE en ons GEMEENSKAP.

Stof tot Nadenke…

Herlewing is die skenk van lewe aan die wat dood is, en die gawe van gesondheid aan die wat besig is om te sterf. – James Buchanan.

Onophoudelike Gebed:

Vader, ek skuil by U...

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Herlewing is ‘n belewenis van LEWE in die Kerk, hoofsaaklik onder die lidmate van die kerk, tydens ‘n buitengewone werk van die Heilige Gees, om hulle te laat herleef. Hulle word verneder onder sy hand, van sonde oortuig en is geskok oor hul eie lewens. Dan sien en ervaar hulle God se verlossing in al sy krag en heerlikheid, en as ‘n resultaat van dié bewusmaking en lewe, begin hulle bid. Die predikers ervaar nuwe krag in prediking en die uiteinde is dat groot getalle ongelowiges hulle bekeer en die Kerk groei. **Uittreksel: I will pour out my Spirit deur R.E. Davies.**

SELGROEP – WEEK 6

WELKOM
AANBIDDING
WOORD

1. *WAT HET JOU DIE MEESTE GERAAK van die afgelope week se materiaal?*

_____

2. *Bespreek die term "NOOD LEER BID? (Ps.32:6-7).;*

_____

3. Hoeveel keer moet ons vra vir iets? Is dit ongelowig om meer as een keer te vra; Bespreek?

Lees : Fil 4:6-7 ; *Kol.4:2-3 ; 1Tess.5:16-20 ;Luk.21:34-36).*

AMPL - Luk 11:10 For everyone who asks and keeps on asking receives; and he who seeks and keeps on seeking finds; and to him who knocks and keeps on knocking, the door shall be opened.

_____

4. *Bespreek , WAT VERHINDER ONS GEBEDE ?*

Jak 4:2: _____

_____

Lees: Jak 1:6-7 ; _____

_____

*1 Tim.2:8*_____

_____

*1 Joh 3:22*_____

_____

*1 Pet 3:7*_____

_____

5. Moet ons nog vir die Jode en Jerusalem bid ? Hoekom? *Ps.122:6*

6. *Hoe verseker is ek dat my gebede verhoor gaan word?*

Lees : Luk 11:13 ; Mark 10:15 ; Luk 11:10 ; Joh 16:24 ;

VISIE:

HOE ERNSTIG IS EK OOR HERLEWING IN ONS GEMEENTE?